# Kommunikasie: **Akademiese Integriteit** in Aanlyn Assessering

Assessering kan vir dosente én studente stres veroorsaak, veral as dit plaasvind in ’n onbekende omgewing soos die aanlyn platform. Die een ding wat jy bowenal wil vermy, is om in die moeilikheid te beland omdat jy die reëls nie geken het of nie gevolg het nie. Wat moet jy dus oor akademiese integriteit en eerlikheid weet?

## Wat is akademiese integriteit en hoekom is dit belangrik?

Dit beteken dat jou werk jou eie is. Dit wys wat jy kan doen en wat jy oor die inhoud weet. Ons aanvaar dat jy by die Universiteit Stellenbosch is omdat jy wil leer. As ons moet bepaal of jy iets geleer het en die uitkomstes van ’n module of program bereik het, moet ons weet dat jy self die werk gedoen het wat ons assesseer. Eerlikheid en deursigtigheid is twee van die US se kernwaardes, en die Universiteit verwag van ons studente en personeel om te alle tyd eties op te tree.

## Hoekom moet ek akademies eerlik wees?

Die doel van assessering is om te kan sê of jy die uitkomste van die module of program bereik het. Byvoorbeeld: Sal jy ’n betroubare dokter wees, of ’n onderwyser op wie mense kan staatmaak? As jy jou kursusse slaag op grond van werk wat jy nie self gedoen het nie, of as jy jou werk aan ander beskikbaar stel sodat hulle kan voorgee dat dit hulle eie is, kan jy jouself en ander in gevaar stel of jy kan jou eie reputasie of dié van die instelling of ander mense skade aandoen. Akademiese oneerlikheid skep ook ’n vals indruk oor wat jy weet, en wys dat jy nie verantwoordelikheid vir jou eie werk aanvaar nie. Boonop beteken dit dat jy die US se waarde van verantwoordbaarheid ignoreer en nie die Universiteit se kenmerke van US-gegradueerdes as betrokke landsburgers en afgronde individue verwerf het nie.

## Wat is die US se siening van akademiese integriteit?

Die US beskou studente as volwassenes op die pad na verantwoordelike burgerskap. Ons verwag dus eerlikheid en integriteit van ons studente en personeel.

## Wat is toelaatbaar in aanlyn assesserings, en wat nié?

Die reëls vir aanlyn assessering is dieselfde as vir assessering wat persoonlik afgeneem word. Jy mag geen werk gebruik wat nie jou eie is sonder om die nodige erkenning te verskaf nie. Dieselfde eksamenreëls geld in die **aanlyn omgewing**; byvoorbeeld, jy mag nie aan

sosialemedia-kletsgroepe deelneem, skermskote neem, stemboodskappe aan medestudente stuur, saam met ander studente aan individuele assesserings werk, iemand se identiteit vervals of iemand anders se werk gebruik nie. Sorg dat jy die reëls vir elke assesseringstaak ken. **Lees aandagtig** deur die verklaring wat jy onderteken voordat jy 'n toets skryf of wanneer jy 'n taak inlewer, want dit bevat die reëls wat vir daardie besondere toets of taak geld. As jy steeds onseker is, vra jou dosent of tutor.

## Wat is plagiaat?


Plagiaat is 'n vorm van akademiese oneerlikheid wat behels dat 'n mens iemand anders se idees, materiaal of ander intellektuele eiendom gebruik, maar voorgee dat dit jou eie is. Dit sluit ook die onvanpaste gebruik van jou eie werk in; dit wil sê, werk van jou wat vantevore voorgelê, nagesien of gepubliseer is en wat jy gebruik sonder om dit behoorlik so aan te dui en sonder jou dosent of studieleier se vooraftoestemming.

## Turnitin is jou vriend

Gebruik Turnitin om die integriteit van jou werk te help verseker. Dit gebeur maklik dat 'n mens onbedoeld plagiaat pleeg. Turnitin is 'n instrument wat tekste vergelyk om oorspronklikheid en ooreenstemming uit te wys, nie plagiaat op sigself nie. Dit kan jou dus help om probleemareas in jou werk raak te sien wat jy dalk misgekyk het, soos onvoldoende parafrasering of die voorkoms van te veel direkte aanhalings. As jy onseker is hoe om te parafraseer, kontak gerus die Taalsentrum vir aanlyn taalondersteuning.

## Wat kan gebeur as ek iemand anders se werk gebruik?

Die US se [Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van Akademiese Integriteit)]() verklaar dat aanklagte van plagiaat ’n ernstige aangeleentheid is wat ernstige gevolge vir die betrokkene(s) kan inhou. Hierdie gevolge kan skorsing of uitsetting insluit, asook kriminele of siviele vervolging, of albei.




### Wat beteken dit as ek op “I agree” op die integriteitsverklaring klik?

Deur op “I agree” te klik, sê jy vir ons dat jy **die reëls gelees het en dit begryp**, wat beteken dat jy vir oortredings verantwoordelik sal gehou word sonder dat jy kan beweer jy was onbewus van die reëls.

# Akademiese Integriteit: Merklys vir Aanlyn Aktiwiteite

### Bly veilig:

- ❑ Moenie jou aantekenbesonderhede vir US-webtoegang met ander deel nie.
- ❑ Wees versigtig wanneer jy inligting aanlyn plaas. As jy skermskote neem, maak ’n aantekening of kopieer alle inligting wat aanlyn beskikbaar is, want jy aanvaar verantwoordelikheid vir iemand anders se intellektuele eiendom of privaat inligting. Jy het die persoon se uitdruklike toestemming nodig om dit te mag versprei, en jy moet hulle die nodige erkenning gee.
- ❑ Vra toestemming voordat jy enige soort aanlyn interaksie opneem (of dit nou die vorm ’n webinaar, ’n oudiogesprek of teksgebaseerde kommunikasie aanneem).
- ❑ Onthou dat al die riglyne hier bo ook op aanlyn aktiwiteite op sosiale media en kletsgroepe van toepassing is, nie net op SUNLearn nie.
- ❑ Moenie ’n derde party betaal om jou akademiese werk vir jou te doen nie, ongeag of dit aanlyn of persoonlik verrig word.

## Maak seker dat jy by alles hier onder ’n regmerkie kan maak:

- ❑ Ek het **saam met ander aan ’n groeptaak gewerk** en alle samewerking in my opdrag aangetoon.
- ❑ Ek het nie **my werk aan medestudente beskikbaar gestel** deur dit elektronies aan hulle te verskaf, te wys of te bespreek, waardeur hulle sou kon voorgee dat dit hulle eie werk is, nie.
- ❑ Ek het nie **iemand anders se werk gebruik** en voorgegee dat dit my eie is nie.
- ❑ Ek het nie **hierdie werk by iemand anders gekoop of gekry nie** en ek lewer nie sulke werk onder my eie naam in nie.
- ❑ Ek **proeflees** my werk voordat ek dit inlewer om seker te maak dat ek nie onbedoeld plagiaat pleeg nie.

## Vermy onbedoelde plagiaat in jou skriftelike werk:

- ❑ Ek het die **bronverwysings** vir inligting in alle formate verskaf.
- ❑ Ek het die bronverwysing verskaf waar ek **geparafraseer** het.
- ❑ Waar ek **presiese bewoording** aangehaal het, het ek dit tussen aanhalingstekens geplaas en die bron verskaf.
- ❑ Ek het ’n bibliografiese **stelsel** toegepas om aan te toon waarop **my redenasie** gegrond is.
- ❑ Ek het nie selfplagiaat gepleeg deur **my eie, reeds voorgelegde werk** weer te gebruik sonder om dit aan te toon en te motiveer nie.
- ❑ Ek het nie **iemand anders se werk gebruik** en voorgegee dat dit my eie is nie.
- ❑ Waar ons **saam** aan ’n groeptaak **gewerk** het, is dit so aangedui.